# OUDSKOLIERE EN VRIENDE VAN VOLKSKOOL

Plasketstraat, Graaff-Reinet, 6280

Sel nr: 0662447769

JUNIE 2026

E-pos: volksies@hvsgrt.org.za

Web: www.volksies.co.za





**EENMAAL ’n VOLKSIE, ALTYD ’n VOLKSIE**

# INTERSKOLE FUNKSIE & VOLKSIE-FEES

Reüniegroepe kuier op Vrydag, 7 Augustus saam, tydens die Interskole Funksie. Onthou dat enige oud-Volksie baie welkom is om die funksie by te woon. Vooraf besprekings is belangrik en betalings moet teen 31 Julie gedoen word.

Saterdagaand se **Volksie-Fees** word by die Montego Botansies se saal gehou. Almal is welkom om saam te kuier. Daar is 'n kontantkroeg asook kosstalletjies, waar etes gekoop kan word. Die Volksie-Fees begin na afloop van die eerste rugbyspanne se kragmeting.

Kom kuier saam!



# ONDERSTEUNERSDRAG

As u nog nie 'n ondersteunerstrui bestel het nie, kan u van hierdie geleentheid gebruik maak om te bestel, sodat u saam met ons gereed is om Volkskool met trots tydens Interskole te ondersteun.

Wees deel van die Volkskoolspan en trek saam in Volkskool-kleure aan!

Sluitingsdatum vir bestellings: 10 JULIE 2026

Hou die VOLKSKOOL GRAAFF-REINET OUDSKOLIERE se facebookblad dop vir vir die nuwe bestelvorm.

# Oud-Volksies vs Old Unionites




**Vrydag, 7 Augustus om 16:45 by HVS Astro hokkieveld**



**Vrydag, 7 Augustus om 15:45 by HVS A-veld**

# Volkskool Graaff-Reinet

**Vrydag: 7 Augustus 2026**

| | |
|---|---|
| 08:00 | Amptelike opening van Interskole en saalbyeenkoms vir Oudskoliere. Gasspreker en aankondiging van eerste sportspanne (sitplekke reeds ingeneem) |
| 09:30 | Tee / koffie in Volksie vir reüniegroepe |
| 10:00 | Besigtigingstoer deur die skool |
| | Interskole sport vs Union High. Vrydag se sport vind op **Hoër Volkskool se sportgronde** plaas |
| 15:45 | oud-Volksies vs Union Old Boys Rugby (Hvs Rugbyveld) |
| 16:45 | oud-Volksies vs Union Old Girls Hokkie (HVS Astro) |
| 18:30 | **Interskole-funksie.** Heerlike **driegang maaltyd** met eeufeeswyn, kontantkroeg en dansbaan. Die funksie word by Montego Botanies Sportklub gehou, weens die verbod op alkohol op skoolterreine. |

**Saterdag: 8 Augustus 2026**

| | |
|---|---|
| | Interskole sport. Hokkie by HVS se Astro en Rugby by Montego Botanies Sportklub. Die hokkie word eers afgehandel, waarna die rugby by Botanies begin. |
| 10:00 | Hoër Volkskool sal tussen 10:00 en 11:00 oop wees indien groepe die skool wil besoek. |
| 18:30 | Saterdagaand bied ons 'n **VOLKSIE-FEES** met 'n kontantkroeg en 'n dansbaan, in dieselfde lokaal as Vrydagaand se funksie aan. Reüniegroepe kan in groepsverband kom saam kuier, of 'n eie funksie elders reël. Dit is 'n informele kuier en daar is etes by die funksie te koop. |

**Sondag: 9 Augustus 2026**

| | |
|---|---|
| 09:30 | Afsluiting met kerkdiens by NG Kerk (Grootkerk) |

## INTERSKOLE FUNKSIE

Almal is welkom om die funksie by te woon, so as jy nie deel is van 'n reüniegroep nie, kan jy steeds kom saam kuier. Kaartjies om die Interskole Funksie by te woon is vooraf betaalbaar en betalings moet teen 31 Julie gedoen word. Kaartjiebesprekings: WhatsApp na 0662447769

Bankbesonderhede:

| | |
|---|---|
| Rekeningnaam: | Volkskool Oudskolierebond |
| Bank: | FNB Graaff-Reinet |
| Rekeningnr: | 62268799685 |
| Takkode : | 210216 |
| Verwysing: | Naam, Jaargroep |
| Bedrag per kaartjie: | R400.00 per persoon |

**AS JY NIE INTERSKOLE BYWOON NIE IS DAAR 'N MANIER HOE JY STEEDS VIR VOLKSKOOL KAN ONDERSTEUN…..**

*Interskole 2026 is goed op dreef en die bekende gees en opgewondenheid vul die Karoo-lug. Vanjaar is vir jou 'n reünie jaar en hoewel jy uit mis om hier in persoon te wees, bly daar altyd nog die kans vir jou om by te dra tot die voortbou van 'n skoolgemeenskap waarvan jy onlosmaaklik deel is.*

*Die Volkskool Oudskolierebond bly skouer aan die wiel met die loods van talle projekte deur die jaar om fondse te werf om in Volkskool se toekoms te belê. Jy het dus altyd die kans om 'n bydra te maak, groot of klein, finansieel of deur die skep van geleenthede om te kan deel in die volhoubare voortbestaan aan 'n skool wat ons almal na aan die hart lê.*

*Maak gerus kontak, vind meer uit oor hoe om betrokke te raak en waar jou bydra 'n groot verskil kan maak.*

## VOLG ONS OP

WhatsApp community: https://chat.whatsapp.com/FSJerVpO3rzFDB2msSKqc0

## Behou asseblief kontak met die Volkskool Gemeenskap

Dateer u inligting maklik op deur die volgende skakel te gebruik: https://forms.gle/y5NozsRK7ciHb1gA9